**Persverklaring**

**MINISTER VAN FINANSIES EN SARS KOMMISSARIS BESOEK ALBERTON OM GEREEDHEID VIR BELASTINGSEISOEN 2025 TE BESKOU**

**Tshwane, 7 Julie 2025** - Mnr. Enoch Godongwana, die minister van finansies, en mnr. Edward Kieswetter, die kommissaris van SARS, het vandag SARS se Alberton-belastingdienssentrum besoek om hul gereedheid te beskou met die aanvang van outo-aanslae wat van 7 tot 20 Julie 2025 plaasvind.

Minister Godongwana en Kommissaris Kieswetter het met belastingpligtiges interaksie gehad waarvan meeste die sentrum besoek het om hul geregistreerde besonderhede by te werk, wat die verandering van e-posadresse, bankinligting en selfoonnommers insluit. Sommige belastingpligtiges het die sentrum besoek om aangeleenthede ten opsigte van uitstaande skuld en opgawes te vereffen.

SARS het **outo-aanslae** aan belastingpligtiges, wie se belastingsake minder ingewikkeld is, uit te reik. As belastingpligtiges met hul outo-aanslag saamstem, word geen verdere aksie van hul vereis nie. Aanvaarding is outomaties, so belastingpligtiges hoef nie self die outo-aanslag te aanvaar nie. Belastingpligtiges word aangeraai om vir die SMS-/e-poskennisgewing te wag voor hulle op eFiling of die SARS MobiApp aanmeld.

Terugbetalings van meer as R100, wat aan belastingpligtiges verskuldig is, sal binne 72 uur outomaties na hul bankrekening oorbetaal word sodra die aanslag voltooi is.

Belastingseisoen 2025 open vir **nievoorlopige belastingpligtiges en sommige voorlopige belastingpligtiges wat nie outomaties aangeslaan is nie**. Die indieningtydperk vir nievoorlopige belastingpligtiges is van 21 Julie tot 20 Oktober 2025. Voorlopige belastingpligtiges se indieningtydperk sal op 19 Januarie 2026 sluit.

Die volgende datums moet vir hierdie jaar se belastingseisoen gedagboek word:

- Uitreiking van outo-aanslagkennisgewings: 7 - 20 Julie 2025
- Individuele belastingpligtiges (nievoorlopig): 21 Julie - 20 Oktober 2025
- Voorlopige belastingpligtiges: 21 Julie 2025 - 19 Januarie 2026

Belastingpligtiges word aangemoedig om uiters versigtig te wees en hul besonderhede vertroulik te hou. Met die aanloop tot belastingseisoen sal daar baie pogings van bedrieërs wees om belastingpligtiges te bedrieg. Bedrieërs kan hulself as SARS-beamptes voordoen om belastingpligtiges se persoonlike besonderhede te steel, hul op skakels te laat klik, of die geld in 'n ander rekening te laat betaal. SARS sal belastingpligtiges nooit vra om enige skakel te gebruik nie. Belastingpligtiges moet hul eFiling-aanmeldbesonderhede bewaar en slegs geregistreerde belastingpraktisyne gebruik.

Inligting oor die nuutste slenters kan op die SARS-webtuiste www.sars.gov.za besigtig word. Om inligting oor uitvissery te versoek of te rapporteer, kan belastingpligtiges 'n e-pos aan phishing@sars.gov.za stuur.

Om boetes te vermy moet belastingpligtiges akkurate inligting betyds indien. Vir 'n soomlose en maklike belastingseisoen, word belastingpligtes aangemoedig om van die volgende SARS-kommunikasiekanale gebruik te maak:

- **SARS-webtuiste:** besoek www.sars.gov.za en klik op die "Individuals"-oortjie.
- **SARS-aanlynnavraagstelsel (SOQS):** https://tools.sars.gov.za/soqs.
- **SARS WhatsApp:** stuur "Hi" of "Hello" na 0800 117 277.
- **KI virtuele assistent:** 24/7 op die SARS-webtuiste beskikbaar om navrae te beantwoord.
- **Skakel *134*7277#:** vir toegang tot SARS-dienste.
- **SARS YouTube-kanaal:** besoek @sarstax vir instruksievideo's.

**Die nie nodig om 'n SARS-tak te besoek nie. Indien jy moet, maak eers 'n afspraak om lang toue te vermy.**

Minister Godongwana het sy tevredenheid uitgespreek teenoor SARS se gereedheid om 'n suksesvolle en maklike belastingseisoen aan belastingpligtiges te lewer. Kommissaris Kieswetter het belastingpligtiges aangemoedig om van SARS se digitale kanale gebruik te maak om met die organisasie sake te doen. Hy het gesê: "Belastingpligtiges hoef hulself nie aan hierdie koue weer bloot te stel en in toue te staan nie. Hulle kan in die gemak van hul eie tuistes na hul belastingsake omsien, eerder as om vervoeronkostes aan te gaan".

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.

**07 JULIE 2025: MINISTER VAN FINANSIES EN SARS KOMMISSARIS BESOEK ALBERTON OM GEREEDHEID VIR BELASTINGSEISOEN TE BESKOU**



*Foto 1: In gesprek met die bestuurder van die SARS Alberton-dienssentrum, Jenny Kotze, is SARS Kommissaris Kieswetter en Minister van Finansies Godongwana.*













